
# Eldo-Gespreksgids

Ons skop die nuwe jaar af met die "Wanatu Preekreeks" wat vir ons vandag 'n baie belangrike vraag vrae: "Wanatu" gaan ons hierdie 2026? Wat is ons nuwe jaar voornemens vir 2026 en hoe pas God daarby in? Dié week het ons begin met seker die mees algemeenste aspek van nuwe jaar voornemens: dié rakende ons werk. So as jy dan by jouself gaan staan en dink, wat is jou nuwe jaar voornemens vir jou werk? Of liewers wat is jou huidige werksomstandighede wat jy graag sal wil verander of verbeter? En hoe pas God dan by hierdie voornemens in?

## Kol. 3-4

Om ons bietjie te help met hierdie vrae, moet ons kyk na **Kolossense 3:22-4:1** waar Paulus juis praat oor hoe ons mense in die werkplek moet hanteer (lees gerus *Die Boodskap* vertaling van hierdie gedeelte – dit sal dalk die stukkie bietjie meer help verduidelik). Net voor hierdie gedeelte verduidelik Paulus hoe Jesus die Wet/Torah vervul het toe Hy aan die kruis gesterf het en hoe Sy voorbeeld van liefde al hierdie wette omgord. Om 'n meer praktiese verduideliking gee van wat hy bedoel, maak Paulus gebruik van die Romeinse huishouding as voorbeeld. In hierdie huishouding was die Patriarg die hoofman wat beheer gehad het oor die lewe en dood van sy huis. Hy kon amper maak en breek soos hy wou. Maar omdat die Christene van Kolosse nou vir Jesus volg en Hom die kern van hul lewe maak, leef hulle nou in liefde met mekaar en is almal dus gelyk – nie een beter as die ander nie. Hulle, met betrekking tot die slawe en hul baas, leef nou nie om die Partriag tevrede te stel nie, maar vir God. Daarom moet ons so werk asof God die baas van ons werk is. Daarom, sê Paulus in vers 22 en 23, moet ons hard werk. Ons werk nou vir die Here en moet daarom ons beste gee in alles wat ons doen.




Nou is die vraag, juis vir ons vandag as ons Paulus se argument volg: hoe sou ons werk anders lyk as ons vir God sou werk? Hoe sou jy anders by die werk optree as jy weet God is jou baas? Hoe sou jy anders leef in jou dag-tot-dag lewe as jy weet dit is God wie jy nou moet tevrede stel en nie iemand anders of selfs jouself nie? Dis nogal iets om oor na te dink nie waar nie, want baie keer dink ons God is net by die kerk op 'n Sondag of Hy is net daar as ons Bybelstudie doen. Hys nie by die werk nie. God is nie daar wanneer ek nie aan Hom dink nie. Maar in realiteit is God altyd daar. So hoe gaan ons by die werk anders optree as ons intensioneel so leef dat God daar in ons midde is en vir ons kyk?

Baie anders nie waar nie! As mens mooi daaroor gaan dink, sal mens oor die algemeen meer liefde aan jou medemens wys. En dit is dan *God* se liefde wat ons wys aan dié rondom ons. So die vraag is eintlik: Hoe wys ons God se liefde vir die in ons werksplek of vir die wie ons in ons dag-tot-dag lewe teëkom? Hoe wys ons God se liefde vir ons kollegas, kliënte, base, werkers (Paulus sê in 4:1 hoe base werkers regverdig en eerlik moet hanteer), of dalk selfs vreemdelinge? Hoe is ons aksies en houding by die werk 'n testament van God se liefde? En dit is wat Paulus hier vir ons probeer leer.




Dit is die uitdaging vir ons die jaar as dit kom by ons dag-tot-dag lewe. Ons uitdaging vir wanneer ons Werktu gaan. Dat ons moet besef dat God daar teenwoordig is. Dat ons moet besef dat ons eintlik vir Hom werk en Hom tevrede moet stel. Dat wanneer ons Werktu gaan, ons met 'n nuwe positiewe gesindheid daar aankom. Dat ons die rondom ons met vriendelikheid, respek, en liefde sal hanteer, want die Here ons God is ons Baas en dis vir Hom vir wie ons moet leef. Nie vir ons werk nie.

## Gespreksvrae

- Wat is jou nuwe jaar voornemens vir jou werk of dag-tot-dag lewe die jaar?
- Hoe sal jou gedrag of optrede anders lyk by die werk (of dag-tot-dag lewe) as God jou baas was?
- Hoe kan jy God Werktu bring? Of liewers, hoe kan jy God se liefde in die werksplek wys?
- Hoe verander dit jou nuwe jaar voornemens vir 2026?

18/01/2026

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak